## ALGEMENE INLIGTING EN REËLS

### DAGSORG-TYE

**Voldag**: (5 en 3 dag opsie)

| | |
|---|---|
| Maandag tot Donderdag: | 07:00 – 17:30 |
| Vrydag: | 07:00 – 17:00 |

**Halfdag**:

| | |
|---|---|
| 5 dag opsie (Maandag tot Vrydag): | 07:00 – 12:00 |
| 3 dag opsie (Maandag, Woensdag, Vrydag): | 07:00 – 12:00 |

Die halfdag opsie kan met OF sonder ontbyt en middagete wees.

Kinders moet teen 08h15 by die skool wees, aangesien die dagprogram stiptelik om 08h30 begin. Kinders wat laat inkom kan die roetine nadelig beïnvloed en mis ons Godsdiens opening.

Indien u kind te vroeg of te laat afgelaai/opgelaai word, sal u 'n boete ontvang, tensy daar vooraf reëlings met ons getref is. R50 per 15 minute sal addisioneel aan die einde van die maand by u rekening gevoeg word. As daar 'n krisis is, kan ouers met ons 'n reëling tref.

As 'n **3 dag opsie** maatjie 'n dag "gemis" het a.g.v. 'n vakansiedag of siekte, kan dit ongelukkig **nie** op 'n ander dag ingewerk word **nie.**



KwetterBekkies Dagsorg

KwetterBekkies Dagsorg (PTY) LTD | REG Nr. 2020/726742/07 | DIREKTEURE: JG Greyling, HC Greyling

Hella Crescent 57 Uitzicht Durbanville 7550 | 37 Sun King Crescent Sonstraal Hoogte Durbanville 7550

80 Groenewoud Straat Sonkring Brackenfell 7560 | Sel: 079 694 4448 of 082 897 3939 Epos: sgreyling40@gmail.com

beland. As daar per ongeluk iets van 'n ander maatjie in jou kind se sak beland, stuur asb. net terug die volgende dag.

## "POTTY-TRAINING"

As 'n kind gereed is, sal ons begin met "Potty-training". Ons sal eers met u as ouers gesels. Die kind moet al lekker verstaanbaar kan praat en self sy/haar broekie kan op- en aftrek.

Kinders is nie almal op dieselfde ouderdom gereed om van die doek af te gaan nie en ons gaan **GEEN** druk op die maatjie uitoefen nie. Dit sal egter 'n spanpoging wees tussen die skool en huis. "Pull-up" doeke word dan vir die maatjie aangetrek en daar moet elke dag **genoeg** onderklere in die sakkie wees.

Ouers voorsien die "pull-ups". Onderklere en klere word nie by ons gewas nie en sal daagliks huis toe gestuur word as daar glipsies was.

## ETES EN SLAAPTYD (BABA'S en KLEIN PEUTERS)

**Voldagkinders/halfdagkinders**:

Ontbyt (pap) sal voorsien word om 08:00 – 08:30. Die pap bestaan uit Cerelac, hawermoutpap of mieliepap wat afgewissel sal word, afhangend van die baba se ouderdom. Die ouderdom waarmee met pap begin sal word, sal eers met u as ouer bespreek word.

Middagete is tussen 11:15 en 12:00. Die kos sal gebalanseerd wees wat bestaan uit groente met "x-lean" maalvleis/hoederfillette of net groente. Dit sal afhang van die ouderdom van die baba.

Ons werk volgens 'n uitgewerkte program (ELDA program) vir elke ouderdomsgroep.

Ons uitgangspunt is dat die kinders **leer terwyl hulle speel.**

Al die "werkies" sal aan die einde van die kwartaal aan die ouers gestuur word in 'n lêer om te besigtig. Werkies word uit die lêer gehaal na elke kwartaal en kan by die huis bly. Daar sal ook 'n uitgewerkte program wees vir ons baba's.

## VERSLAE (BABA'S en KLEIN PEUTERS)

Baba's sal ook 'n aanpassingsverslag in Kwartaal 1 en 'n vorderingsverslag in Kwartaal 4 ontvang.

## VERSLAE (PEUTERS en KLEUTERS)

Aan die einde van die 1ste kwartaal sal 'n aanpassingsverslag aan die ouers gestuur word en in kwartaal 2 en 4 'n volledige vorderingsverslag. Geen verslae in kwartaal 3 nie.

Lees asseblief u kind se verslag soos van toepassing op sy/haar ouderdom. Ons vergelyk ook nie maats met mekaar nie, maatjies ontwikkel teen hulle eie pas.

Daar sal **geen** kodes gegee word op 'n verslag nie.

## SPEELGOED

**GEEN** speelgoed en ander persoonlike besittings word skool toe gebring nie. Dit raak weg, breek en veroorsaak groot hartseer onder die maats. Uitsonderings, met inagneming van die kindjie se



Hella Crescent 57 Uitzicht Durbanville 7550 | 37 Sun King Crescent Sonstraal Hoogte Durbanville 7550
80 Groenewoud Straat Sonkring Brackenfell 7560 | Sel: 079 694 4448 of 082 897 3939 Epos: sgreyling40@gmail.com

### FOTO'S DEUR DIE LOOP VAN DIE DAG

Ons kan ongelukkig nie elke dag van **AL** die kinders foto's neem en aan ouers stuur nie. Dit is 'n onmoontlike taak. Ons sal so ver as wat dit moontlik is, foto's neem en stuur. Onthou ook asb. dat foto's dalk vroeg in die oggend geneem word waar die kinders nog hulle warm klere of skoene aan het. Die foto's word eers later gestuur of op sosiale media gedeel. Dit beteken nie jou kind was heeldag warm aangetrek nie, as dit bv. 'n warm dag was nie. Ons sal ons goeie oordeel gebruik dat kinders klere aan- en uittrek soos nodig. Al die kinders is ook nie altyd in die bui vir foto's nie. As hy//sy die dag nie lus voel vir foto's nie, sal ons nie 'n kind dwing nie.

### FACEBOOK / WEB-TUISTE

Loer gerus op ons webtuiste en Facebook blad wat ons alles doen.

FB Uitzicht: https://www.facebook.com/KwetterBekkiesUitzicht

FB Sonstraal: https://www.facebook.com/KwetterBekkiesSonstraal

FB Brackenfell: https://www.facebook.com/KwetterBekkiesBrackenfell

Webtuiste: https://kwetterbekkies.co.za

### VEILIGHEID

- Indien iemand anders u kind by die dagsorg kom haal, moet die Hoof asb. telefonies of per whatsapp/briefie in kennis gestel word. Indien werknemers van ouers die kinders kom haal, moet ons ook asb. kennis dra daarvan. Stuur asb. 'n foto op whatsapp van die persoon wat u kind kom haal.



